

Wat behels

HOëEDRUK BEWEIDING?

Paul Malan en Jamie Paulse

My definisie van 'n veeboer is as volg: " 'n Veeboer is primêr fabrieke wat die veld omskakel in bemerkbare produkte". Daar is oor die afgelope veertig plus jare baie weidingstelsels vir boere aanbeveel, byvoorbeeld drie- en vierkamp wisselweidingstelsels, beheerde selektiewe beweiding, die Nootgedacht (voerbank) stelsel, ensovoorts. Min boere het werklik ag geslaan op hierdie stelsels en meeste boere (vandag nog) volg maar 'n tipe ope rotasie stelsel waar diere 'n kamp wei tot die "kos" op is en dan geskuif word na 'n volgende kamp wat vir 'n bepaalde tydperk gerus het, en waar daardie "kos" beskikbaar is.

Die ou bekende weidingstelsels en die ope rotasie stelsels kan as konvensionele stelsels gegropeer word, waar die vee dan relatief lank in een kamp wei, waarna die kamp relatief lank gerus word voordat dit weer bewe word. Daar is egter ander maniere van veldbenutting, wat dalk in sekere kringe eerder as kontroversieel beskou sou word, eerder as konvensioneel. Hierdie maniere van veldbenutting kan beskryf word as hoëdruk beweiding. Van dit bestaan al baie lank, byvoorbeeld Savory se holistiese hulpbronbestuur. Daar was egter tot dusver baie min boere wat "ingekoop" het in hierdie tipe stelsels. Daar is wel die laaste vyf jaar toenemend boere wat navraag doen en belangstelling toon in hoëdruk beweiding. Ek dink daar is moontlik drie redes daarvoor. Die eerste rede is dat dit in die populêre media begin aandag geniet het. Tweedens, is daar 'n nuwe baadjie vir dit aangetrek in die vorm van Herlewingslandbou en Herlewingsveldbestuur. Derdens, bestaan daar die gewaagde voordeel, dat die dravermoë van die veld geleidelik oorskrei kan word, wat gevolglik kan lei tot groter wins per hektar.

Wat is hoëdruk beweiding? In kort behels dit dat 'n hoë konsentrasie (digtheid) diere 'n klein oppervlakte vir 'n kort tydperk bewe. Daardie beweidde area rus dan baie lank voordat dit weer bewe word.

Byvoorbeeld 100 koeie op 5ha vir 1 dag. Hierdie manier van beweiding was in die sewentigs al voorgestel, maar was onekonomies vanwee die duur kostes van draad span. Vandag bestaan daar baie opsies elektriese heinings, van 'n enkel permanente draad vir beeste, tot verskuifbare stelle draad met drie lyne wat goed werk vir skape, of selfs netheinings vir hoeners.

Hier volg 'n voorbeeld van hoëdruk beweiding:

As jy 'n plaas van 600ha in Bloemfontein omgewing het, waar die weidingkapasiteit 6 ha/GVE (hektar per grootvee eenheid) is, kan jy 100 grootvee eenhede aanhou ($600 / 6 = 100$). Vir die doel van die voorbeeld kan ons aanvaar dat dit 100 koeie is. Die normale aanbeveling, as konvensionele wisselweiding, sal wees om die plaas in 12 kampe van 50 ha elk te verdeel en die beeste in drie trope van 33 koeie elk. Elke trop van 33 koeie kry dan 4 kampe om te bewe. Die beeste sal dan elke kamp gemiddeld 3 maande per jaar bewe.

Vir hoëdruk beweiding sal al die diere in een trop van 100 koeie bly en die plaas sal in 120 kampe van 5 ha elk verdeel word (met byvoorbeeld verskuifbare elektriese heinings). Die 100 koeie bewe elke kamp dan net vir een dag op 'n slag en sal oor 'n periode van een jaar elke kamp 3 keer besoek. Dit beteken dat elke kamp nou slegs 3 dae per jaar bewe word in plaas van 3 maande (90 dae), en dat elke kamp dan in total ongeveer 360 dae rus. Dit is 'n redelike ekstreme voorbeeld, maar verduidelik die implimentering van hoëdruk beweiding baie goed. Daar kan baie gespeel word met

kampgroottes en weitydperke, deur byvoorbeeld die kampe 10 ha elk te maak en dan elke kamp 2 dae lank per keer beweï, ens., ens., ens.

As alles reg verloop kan die aantal koeie geleidelik meer gemaak word van 100 na 120, na 150 ens., totdat die boer voel die veld word nie beskadig nie. Die ander praktiese aspekte wat hier bygewerk kan word, is om dalk groter kampe uit te hou vir kalf, kampe vir bulle, ens. Elke boer wat hoëdruk beweïding oorweeg moet geleidelik in dit ingroei tot by 'n punt waar hy gemaklik voel.

Wat is die voordele van hoëdruk beweïding?

Beter en meer egalige benutting van grasweïding, met minder selektiewe beweïding. Plante word slegs een keer beweï gedurende 'n kort periode van een tot drie dae, en die hergroei van daardie plante word nie tydens dieselfde weïperiode weer afgeweï nie, wat help dat die plante se groeiereserwes nie uitgeput raak nie. Laasgenoemde is wel die geval met meeste van die konvensionele stelsel. 'n Baie lang rusperiode word toegepas wat baie voordele inhou. Mis en uriene word meer egalig deur die kampe versprei en is nie alles by die drinkplekke versamel nie. Die hoëfaksie van die diere help ook om die kaal areas tussen graspolle los te trap en om oortollige plantmateriaal daar te laat as 'n tipe deklaag "mulch". Oor tyd raak die plantbedekking digter, met minder afloop van reënwater en hoër water infiltrasie. Dit lei alles tot stelselmatige hoër veldproduksie per hektar. Omdat boere hulle veegetalle geleidelik, versigtig, hoër kan maak, bestaan die moontlikheid om meer wins te maak.

Baie belangrik: die boer se fokus (hoofdoelwit) moet wees om deur hoëdruk beweïding sy grond en plantegroei te verbeter! Die meer maak van veegetalle moet slegs 'n toevallige byvoordeel wees!

Wat is die uitdagings van hoëdruk beweïding?

Water is seker een van die grootste uitdagings! Omdat die konsentrasie diere per kamp hoër gemaak word, moet die waterstookapasiteit en krippe daarby aangepas word. Honderd beeste kan tot meer as 5000 liter water per dag drink en die bron wat die water pomp moet hierdie volumes kan handaaf.

Veegetalle kan stelselmatig versigtig meer gemaak word, wat soms moeilik is en baie druk op kontantvloei kan plaas.

Die boer en sy personeel moet ook geleidelik by die stelsel aanpas, aangesien dit meer arbeidsintensief is. Mens en dier moet geleidelik in die stelsel ingroei.

Vir die vee is dit ook 'n groot aanpassing om skielik aan groter weïdruk blootgestel te word, en het die vee dus ook tyd nodig om aan te pas. Nie alle diere is noodwendig geskik vir hierdie tipe stelsel nie, en hulle behoort hulself te identifiseer deur konstant op 'n lae liggaamskondisietelling te bly. Sulke diere moet geïdentifiseer word en verwyder word. In sommige gevalle word die kalfpersentasie ook nadelig beïnvloed, veral as die diere te vining aan te hoë druk blootgestel word.

Hoe begin 'n mens met hoëdruk beweïding?

'n Boer het eendag vir my gevra: "Hoe begin 'n mens met hoëdruk beweïding?" Hy het my heeltemal onkant gevang, want ek het besef ek het nie vir hom 'n antwoord nie. My antwoord sal vandag wees: Klein en stadig! Daar is ongelukkig nie 'n resep wat aanbeveel kan word wat vir almal gaan werk nie! Elke plaas, elke boer, elke bees verskil van mekaar. Elke boer moet dus oor tyd sy eie resep ontwikkel volgens sy omstandighede en volgens sy bestuursvaardighede. Moenie te vining te groot wil gaan nie! Kies eers 'n deel van die plaas waar kampe maklik met verskuifbare elektriese

drade kleiner gespan kan word, en gebruik eers net die bestaande hoeveelheid diere. Probeer al die beeste in een groot trop sit. Ek sou sê paar en half ook eers steeds in groter kampe, en groei geleidelik in die stelsel in.

Om saam te vat.

Hoëdruk beweiding het beslis baie voordele. Daar is egter nie 'n resep wat vir almal gaan werk nie. Daar is wel 'n paar beginsels wat toegepas kan word binne 'n denkwysse van aanpassingsbestuur. Moenie te vining te groot wil gaan nie.....begin klein en stadig.